Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

ENBRITE
ELEKTRIESE MPY.
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXII — 8 SEPTEMBER, 1967 — Nr. 20

*50 Persone moet aangewys word:*

# MASSA STEM WOENSDAG

**Die verkiesing van die Studenteraad en hoofbesture vind Woensdag plaas. Alle stembusse is in die Totiussaal. Daar kan gestem word van 8 vm. tot 6 nm. Die stemgeregtigdes onder die P.U.-studente sal vanjaar 50 persone by die stembus aanwys om in die Studenteraad en vier van die hoofbesture te dien.**

**Vir die eerste keer sal die hoofbesture nie apart gekies word op byeenkomste van al die stemgeregtigdes van die onderskeie hoofbesture nie. Vir elke hoofbestuur is daar 'n aparte stembus aangebring. Daar is ook aparte stembusse vir die Studenteraadsvoorsitter en vir die res van die Studenteraad. Verskillende stembriefies word uitgereik onderskeidelik vir verkiesing van Studenteraadsvoorsitter, die Studenteraadsverteenwoordigers van die hoofbestuur en vir elke hoofbestuur.**

Almal wat stemreg het vir 'n hoofbestuur, het ook stemreg vir die studenteraadsverteenwoordigers van die hoofbestuur. Almal wat vir een hoofbestuur stemreg het, kan ook stem vir die Studenteraadsvoorsitter en vir die A.O.B.

Na beraming is dié grootste stemreglys vanjaar dié van die S.S.B. (ongeveer 450). Vir Korps kan ongeveer 420 persone stem, vir die P.N.B. 350 en vir A.B.K.K. 220. Na beraming beloop die aantal persone wat vir die voorsitter en die A.O.B. kan stem meer as 600. Die getal eerstejaars wat stemreg het, is vanjaar aansienlik kleiner as ander jare, omdat die Studentehandboekeksamen vir die eerste keer 'n vereiste vir stemreg is.

Die stemme sal direk na die verkiesing getel word. Dit word gedoen deur die Studenteraad onder toesig van die verkiesingsbeampte. Mnr. Ben de Klerk is deur die Studenteraad as verkiesingsbeampte aangewys.

Die verkiesing van die onderliggame van A.B.K.K. en S.S.B. vind Woensdagaand om 6 nm. plaas. Donderdagaand word 'n massavergadering gehou waar die nuwe Studenteraad aan die massa voorgestel word.

***Simposium oor Internasionale Politiek***



**Prof. J. H. Coetzee lewer 'n referaat tydens die onlangs gehoue simposium oor die internasionale politiek. Links sit prof. C. P. van der Walt, voorsitter van die simposium.**
**Foto: Fotokuns.**

# S.A. WIL NIE SKUIL MAAR SAAMWERK

**„Suid-Afrika het geen begeerte om agter 'n granietmuur te skuil nie. Ons strewe na internasionale samewerking en goeie verhoudinge volgens beproefde grondbeginsels." So het dr. H. Muller, minister van Buitelandse Sake, tydens die simposium oor internasionale politiek wat verlede week aan die P.U. plaasgevind het, gesê. Dr. Muller het 'n referaat gelewer oor die posisie van Suid-Afrika in die veranderde wêreld.**

Dr. Muller het gesê dat Suid-Afrika vriendskap en medewerking soek nie in 'n gees van angs nie. „Ons doen dit in die besef dat onenigheid en struweling op die lang duur slegs tot botsing en selfs tot wapengeweld kan lei. Ons besef egter ook dat ten einde vriendskap en samewerking te kan vind, ons eerstens sterk moet wees in onsself.

**VERDEDIG**

**„As al ons pogings en inspanning tevergeefs sou wees en daarop sou uitloop dat ons ons land fisies moet verdedig, moet en sal Suid-Afrika ook in staat wees om dit met vasberadenheid en eensgesindheid te doen. Dit is in dié gees dat ons die toekoms in 'n veranderde wêreld met vertroue tegemoet gaan", het dr. Muller gesê.**

**Dr. Muller het in sy toespraak o.a. aangekondig dat twee voorstede, een by Kaapstad en een by Pretoria, uitgelê gaan word as huisvesting vir buitelandse diplomate.**

# KORPS WIL MASSA IN WYKE INDEEL

**Korps V.V. gaan die Pukmassa volgende jaar in vier wyke verdeel wat elk twee verteenwoordigers op die bestuur sal hê. Elke wyk sal die geleentheid ontvang om een programvergadering per jaar te beplan. Die Korpsbestuur sal die verdere reëlings vir elke vergadering tref. Die besluite is op 'n onlangse bestuursvergadering van Korps geneem.**

Die voorsitter van die vereniging, mnr. J. P. L. van der Walt, het in 'n onderhoud gesê dat hiermee gepoog word om meer tot elke student deur te werk.

Mnr. van der Walt het gesê dat die vereniging 'n aktiewe termyn agter die rug het. Die perskomitee het verskeie briewe aan die pers gerig. Die studiekomitee het vier vlugskrifte laat verskyn. Die boek „In die dae van jou jonkheid", nader voltooiing.

**STEMREG**

Mnr. van der Walt het gesê dat 50% bywoning en die slaag van die studentehandboekeksamen voortaan sal geld as stemvereistes van Korps. Dit is reeds toegepas vir die stemreglys van die huidige verkiesing.

# DIE BESEMBOS BESKIKBAAR

Die Besembos, amptelike jaarblad van die P.U.-studente, sal vanaf Maandagaand beskikbaar wees. Die blad kan in die kafeteria teen 50c. per eksemplaar gekoop word.

# REKORD-WINS GEMAAK DEUR PUKKIE

**'n Wins van R2700 is vanjaar deur die Pukkie gemaak. So het mnr. Nic Lessing, penningmeester van die Pukkie in 'n onderhoud verklaar. Hy het gesê dat dit die grootste wins is wat nog behaal is. Verlede jaar was die wins R1800.**

Mnr. Lessing het gesê dat die helfte van die wins terug gaan na die studente en dat die ander helfte aan liefdadigheidsinstansies gaan. Aangesien verlede jaar se bedrag nog nie aan die instansies uitbetaal is nie, word R2250 aan die liggame uitbetaal.

**BEDRAE**

Die instansies wat bedrae kry is: Loopspruitskool (R300), Genl. Kockskool (R300), Transoranjeskool (R250), Efata-welsynsorganisasie (R200), Santa (R200), Potchefstroom Kindersorg (R200), Dagsentrum (R200), Paul Kruger-Kinderhuis (R200), Vereniging van Serebraal Verlamdes (R200), Dierebeskermingsvereniging (R100) en Ons Hulde-ouetehuis (R100).

Die persoon wat die meeste Pukkies verkoop het (uitgesonderd die wat op kommissiebasis verkoop het) is mej. F. le Roux, 'n eerstejaar. Sy ontvang 'n prys van R10.

# Raad vra nuwe fakulteite

**Op 'n vergadering van die Universiteitsraad op 21 Junie is besluit om opnuut aansoek te doen om toestemming tot die instel van 'n mediese fakulteit sowel as 'n fakulteit van ingenieurswese. Memoranda hieroor is reeds opgestel en aan die betrokke owerhede gestuur.**

**'n Paar jaar gelede is ook aansoek gedoen om die instelling van 'n mediese fakulteit. Die stadsraad van Klerksdorp het hom bereid verklaar om grond aan die P.U. te skenk vir die oprigting van geboue. Die aansoek is egter deur die regering van die hand gewys.**

***BEDANKING***

**Met die laaste uitgawe van die termyn wil ek graag almal hartlik bedank wat 'n aandeel in die verskyning van Diee Wapad gehad het:**

**Die eienaar en personeel van Enslins, die drukkers van Die Wapad wat te alle tye goeie diens gelewer het.**

**Mnr. Piet van Maarleveld van Fotokuns wat vir ons gratis foto's ontwikkel en afgedruk het en soms spesiaal vir Die Wapad foto's geneem het.**

**In besonder wil ek bedank al die persone wat die termyn op die redaksie gedien het. Hulle het geen maklike taak gehad nie, aangesien dit die eerste keer was dat Die Wapad weekliks uitgegee is en die redaksie net so groot was as voorheen. Dit was vir my 'n plesier om met hulle te kon saamwerk.**

**Ten slotte 'n woord van dank aan persone wat nie aan die redaksie verbonde was nie, maar op aanvraag of vrywillig bydraes gelewer het.**

**P. DE KLERK.**
**Hoofredakteur 1966/67.**

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

**JOUBERT MEUBELS**
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**
Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

die WAPAD

8 SEPTEMBER, 1967

# 'n NUWE ERA

Met die ingrypende veranderinge wat tans in die studenteorganisasie aangebring is, betree die studentelewe aan die P.U. 'n nuwe era.

Die reorganisasie was die gevolg van 'n langgevoelde behoefte. Dit was die resultaat van deeglike studie van alle aspekte van die studentelewe. Dit beoog om die grootste probleem in die huidige studentelewe, die feit dat al minder en minder studente in die studentelewe belangstel, enigsins die hoof te bied.

Die nuwe organisasie is nie radikaal verskillend met die oue nie. Dit is 'n voortbouing daarop. Dit wil instellinge bied wat geskik is vir die P.U. en vir die huidige tydsomstandighede.

Die reorganisasie betref slegs die konstitusionele aspekte, die raamwerk van die studentelewe. Die nuwe raamwerk bied slegs nuwe moontlikhede aan die P.U.-studente vir 'n nuwe aanpak van die studentelewe.

Die reorganisasie is dus geen waarborg vir 'n beter studentelewe nie. Die reorganisasie sou egter geen sin hê as dit nie sou lei tot verbetering van die studentelewe nie.

Alleen indien die oogmerke wat met die opstel van die nuwe konstitusie verwesenlik word, alleen indien alle studente optree volgens die gees van die konstitusie, kan die reorganisasie vernuwend en positief in die studentelewe werk.

In besonder rus die taak op die persone wat in die leidende en uitvoerende poste dien. Hulle moet die beleid van die verskillende organisasies in die studentelewe bepaal.

Met die nuwe konstitusie, noudat die voorsiening gemaak is, maar die optrede self nog ontbreek, is dit veral 'n besonder moeilike taak om die voortou te neem in die aktiwiteite in die studentelewe. Slegs die heel bekwaamstes kan die taak uitvoer.

Waar daar 'n verkiesing voor die deur staan, is dit die taak van elke stemgeregtigde student om mee te help om diegene te kies wat die bekwaamste sal wees in die uitvoering van die taak.

# Internasionale Politiek

Die afgelope simposium oor internasionale politiek het 'n besondere bydrae gelewer om die werksaamhede van die P.U. verder bekend te stel. Nie alleen het die grootste outoriteite op dié terrein tydens die simposium opgetree nie, maar ook is dit bygewoon deur die persone wat ten nouste hiermee gemoeid is van oor die hele Suid-Afrika.

Die Sentrum vir Internasionale Politiek moet lof toegeswaai word vir die skouspelagtige poging om die kennis van internasionale politiek in Suid-Afrika te bevorder.

Die belangstelling in internasionale politiek is tans taamlik groot, veral waar dit die posisie van Suid-Afrika raak. Al meer dring die besef deur dat dit vir Suid-Afrika onmoontlik is om onafhanklik van die woelinge in die wêreld sy gang te gang.

Die getal studente in die Staatsleer is daarenteë maar klein. Hoewel heelwat studente een kursus in die vak loop, is daar weinig belangstelling vir die meer gevorderde kursusse. Dit is 'n ongelukkige situasie.

Belangstelling in die internasionale politiek behoort gepaard te gaan met die nodige kennis daaromtrent. Deur lees van artikels, luister na toesprake ens. kan wel heelwat kennis opgedoen word, maar die akademiese ondergrond wat so noodsaaklik is vir die studie van internasionale politiek, is onontbeerlik.

Dit is wel so dat daar nie veel beroepe gebaseer is op kennis van Staatsleer alleen nie. Kennis van Staatsleer, spesifiek van die internasionale politiek, is egter vandag essensieel vir enige persoon wat 'n verantwoordelike pos in die samelewing wil vervul: regsgeleerdes, staatsamptenare, onderwysers.

Sonder 'n goeie aantal studente in die internasionale politiek sal die departement Staatsleer nie voldoende kan uitbrei nie en kan 'n aparte kursus Internasionale Politiek nie ingestel word nie.

Dit is daarom nodig ter wille van die uitbreiding van kennis oor die internasionale politiek as sodanig sowel as vir elke student om ook akademiese studie te doen in die internasionale politiek.

## REDAKSIE

Hoofredakteur : Pieter de Klerk.
Onderredakteur: Neels Smit.
Tegniese redakteur: André van Jaarsveld.
Nuusredakteurs: Tom Larney — Tel. 2172.
Ben van Jaarsveld — Tel. 2067.
Nuusverslaggewers: Izak Bekker, Dawid van Wyk, Marita Vermaak.
Kunsredakteur: Piet Roodt — Tel. 2172.
Kunsverslaggewers: Kobus Coetzee, Marlene Smit.
Sportredakteur: Chris Swanepoel — Tel. 2171.
Sportverslaggewers: Lood Dercksen, Marietjie Swart.
Fotograwe: Leunis van Rooyen, Izak Bekker.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
Advertensiebestuurder: Nic Lessing — Tel. 3827.
Sirkulasiebestuurder: Hans Grobler.

# In U Lig

SPREUKE 8:11-21

Want wysheid is beter as korale, en al die kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie.

Ek, Wysheid, is vertroud met die skranderheid en ek vind kennis van regte oorleg.

Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat ek.

Raad en beleid is myne, en ek is die insig, sterkte is myne.

Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is; deur my heers die vorste en die edeles, al die regters van die aarde.

Ek het lief die wat my liefhet, en die wat my soek, sal my vind.

Rykdom en eer is by my, duursame goed en geregtigheid.

My vrug is beter as goud en as fyn goud, en my opbrings as uitgesoekte silwer

Ek wandel op die weg van geregtigheid, in die middel van die paaie van reg, om die wat my liefhet, 'n besitting te laat erwe, en hul skatkamers maak ek vol.

# Deur My Lens

Alles swyg voor die onontkombare dood, swyg plegtig en stil totdat dit sterf. Alles sterf. Ou beskawings lê verlore onder sand, begrawe deur die eeue.

### TROOSPRYSIE

Maar ons lewe. Ons bou en verbou. Daarom is dit goed om te ontwikkel en tred te hou met die vooruitgang. Die Studenteraad se hervorming en die hervorming van ons maatskaplike struktuur sou dus nie as 'n onvergeeflike sonde beskou kon word nie.

Vir diegene wat in ons leiers teleurgesteld geraak het deur dié stap is daar darem 'n troosprysie. Die kommissie se uiters verligte idee om 'n president aan die hoof van die studentelewe te stel, het skipbreuk gely.

### KRUIS

Dit is die begin van 'n nuwe indeling. Dit begin soos die klinkende kruis van swaard teen swaard voor 'n geveg. Dit is dus die begin van 'n nuwe geveg. En omdat die bome bot, die voëltjies fluit en die meisies sing, hoop mens dat dit 'n geveg gaan wees soos van heer teen heer.

### MANNEMOED

Mag die aristokrasie herlewe! Mag dit 'n skreiende teëbeeld wees van die ongetemperde mannemoed wat die intervarsitydansers in een van die dameskoshuise aan die dag gelê het.

### VERKIESING

Dan kan mens ook vertrou dat hierdie studenteraadsverkiesingsstryd op dieselfde grondslag gevoer gaan word. Die here wie se gesigte die afgelope weke in permanente glimlagte verstar het, gaan geen agterbakse veldtogte teen mekaar organiseer nie! Die wedloop gaan suiwer en volgens die reëls plaasvind.

### WEDLOOP

Maar dit gaan in sy wese nog bly wat dit is: 'n wedloop ongetemper in sy vaart van eie motiewe, gemasker agter vriendelikheid, op een strook deur na die kanselposisies van ons samelewing. Die ander gaan stilswyend meedoen deur kruisies te trek.

Op 'n ry verskyn die minlike gesigte van die voornemendes in die geestesoog. Daaruit moet gekies word. Erens, dit hoor ek, lag 'n harlekyn luid en onbedaarlik. Want die jare gaan verby. Egipte is dood. Babilon lê onder die stof van die eeue. Alles swyg ontsettend. En êrens waai die wind.

REFLECTOR.

# Ons Flitsgedagte

### OM TE STUDEER

Natuurlik is studentejare nie net daar om te studeer nie. Tradisioneel is dit ook die jare van speel en lag en liefde en leeglê. En tog het ons kom studeer.

Nie net in die lesingkamer nie — dis maar 'n deeltjie van ons studie. Referate, toetswerk, biblioteek, tuiswerk: ook dit is nie die volle studie nie.

Baie prop die studietaak in die paar weke van bloktyd — dikwels tevergeefs want die koeël is deur die kerk.

Om te studeer, beteken om met 'n oop gees in te neem en alles te verwerk tot 'n geheelbeeld van essensies op jou spesifieke vakterrein en op die terrein van die lewe in die algemeen.

Om te studeer beteken om verbande raak te sien en groot lyne vir jouself te ontwerp.

Om te studeer beteken om aan die voete van leermeesters te sit en te put van hulle perspektiewe.

Om te studeer beteken om jouself doelbewus te vorm tot 'n wetenskaplike mens. Jy soek daarna om 'n intellektueel te word.

Dit is alles hinderlike stellings wat hierbo gemaak word, want dit gryp jou aan die gewete; dit ontmasker die jare wat jy op hierdie plek deurgebring het; dit spreek 'n oordeel uit oor jou „studieloopbaan".

Hoeveel studente het die P.U.? Drieduisend sê die kantoor. Is daar driehonderd, vra die definisie van ware studie?

En hoeveel dosente het die P.U.? Want 'n dosent is iets anders as 'n blote onderwyser. Hy moet geheelbeelde, essensies, verbande, perspektiewe en wetenskaplike dieptes gee. Is daar driehonderd dosente of dertig?

Wie gekom het om te studeer, skrywe lekker eksamen. Geniet die avontuur om jou kennis te rangskik en oor te dra.

Wie gekom het om . . . te kom skoolgaan of te kom droogmaak — 'n spanningsvolle eksamen toegewens. Die oes van die verwaarloosde akker sal jy swaar insamel.

Tog kry ek julle ouers jammer wat vanjaar R600 moet vind. Terwille van hulle wens ek julle 'n geslaagde „spottegniek" toe. Mog dit treffe!

Wm.

4. P. F. S. (PIET) MULDER

1964 B.A. Honns.



Verslaggewer Die Wapad (1966—67)
Sportredakteur Die Wapad (1966)
Huiskomitee Dawie Doep-Noord (1967)

* * *

5. C. J. (NEELS) SMIT

1965 B.A. III



Sportredakteur Die Wapad (1965—66)
Sportredakteur Die Besembos (1966)
Hoofredakteur Die Besembos (1967)
Onderredakteur Die Wapad (1966—67)
Sekretaris Atletiekklub (1966—67)

* * *

6. D. (DALEEN) SNYMAN

1964 B.Sc. III



Bestuur Dameshokkie (1965—66)
Kapteine Dameshokkie (1966—67)
S.S.B. (1966—67)
Huiskomitee Klawerhof (1966)
Primaria Klawerhof (1967)

* * *

7. P. (PIERRE) VAN RYNEVELD

1965 B.Iur. et Art. III



Verslaggewer Die Wapad (1965)
Bestuur Regsvereniging (1966—67)
Huiskomitee Over de Voor (1967)
Bestuur Pluimbalklub (1966—67)
Organiseerder sport-Over de Voor (1966—67)

8. W. A. R. (BOB) WENTELER

1964 B.Sc. Ind. Chem. III



Sekretaris Tennisklub (1965—66)

* * *

9. A. P. (AWIE) WRIGHT

1964 B.A. III



Kaptein Sokkerklub (1966—67)
Voorsitter S.K.S. (1967)

## E.—P.N.B.:

1. R. G. (ROELIE) AUCAMP

1964 Th.B. I



Bestuur Manskokkieklub (1965—66)
A.S.B.-komitee (1966—67)
Bestuur Korps V.V. (1967)

* * *

2. C. F. C. (CALLIE) COETZEE

1964 Th.B. I



A.S.B.-bestuur (1965)
Sekretaris A.S.B.-bestuur (1965—66)
Ondervoorsitter A.S.B.-komitee (1966—67)
Studenteraadslid belas met A.S.B.-sake (1966—67)
Huiskomitee Over de Voor (1967)
A.S.B.-hoofbestuur (1967—68)

* * *

3. C. J. (POEN) COETZEE
(sien C 1)

4. P. (PIETER) DE KLERK

1964 B.A. Honns.



Onderredakteur Die Wapad (1965—66)
Bestuur Debatsvereniging (1965—66)
Hoofbestuur ASPU (1966—67)
Hoofredakteur Die Wapad (1966—67)
Onderredakteur Die Besembos (1967)
Kommissie van ondersoek na konstitusionele verhouding Studenteraad-Massa (1967)
Ondervoorsitter Sentrale Sosiaal-akademiese bestuur (1967)
Voorsitter Geskiedenisvereniging (1967)

* * *

5. J. T. (JOHAN) KRUGER

1966 B.Iur et Art II



Tweedejaarskomitee (1967)
Interkoshuiskonsertkomitee (1967)
Redaksie Die Besembos (1967)

* * *

6. J. H. (JOHAN) VAN DER BERG

1965 B. Iur. II



Bestuur Volkspele (1965—66)
Ondervoorsitter Debatsvereniging (1965—66)
Sirkulasiebestuurder Die Wapad (1965)

* * *

7. C. G. (COERT) VAN DER MERWE

1964 B.Sc. Honns.



A.S.B.-bestuur (1965—66)
Sekretaris A.S.B.-komitee (1966—67)
Ondervoorsitter Dagstudentebestuur (1967)

* * *

8. H. J. G. (HEILNA) VENTER

1965 B.A. III



Bestuur Alabama (1965—66)
Redaksie Die Besembos (1966)
A.S.B.-komitee (1966—67)
Interkoshuiskonsertkomitee (1967)
Huiskomitee De Klerkhuis (1967)

## F.—A.O.B.:

1. P. J. (FLIP) BUYS

1965 B.Sc. III

Voorsitter Diskoteekkomitee (1966—67)
Voorsitter Alabama (1966—67)
A.B.K.K. (1966—67)

* * *

2. B. (BREGGIE) ENGELBRECHT
(sien C 2)

* * *

3. L. M. (BERTIE) FOURIE

1963 B.A. Honns.



Bestuur Duitse Vereniging (1964)
Ondervoorsitter Duitse Vereniging (1965)
Ontspanningskomitee (1965)
Ondervoorsitter Ontspanningskomitee (1966)
Sekretaris Die Pukkie (1965—66)
Hoofredakteur Die Pukkie (1966—67)
Bestuur Geskiedenisvereniging (1967)

* * *

4. J. T. (JOHAN) KRUGER
(sien E 5)

* * *

5. P. H. (PIET) ROODT

1965 B.A. III



Ontspanningskomitee (1966)
Verslaggewer Die Wapad (1965—66)
Kunsredakteur Die Wapad (1966—67)
Kunsredakteur Die Besembos (1967)
Voorsitter Letterkundige Vereniging (1967)

* * *

6. P. C. (PETRIE) SCHUTTE
(sien B 3)

* * *

7. C. J. (NEELS) SMIT
(sien D 5)

* * *

8. D. (DALEEN) SNYMAN
(sien D 6)

* * *

9. J. (JOHAN) VAN GRAAN
(sien C 4)

* * *

10. A. S. M. (ANDRé) VAN JAARSVELD

1964 Th.B. I



Bestuur Wysgerige Vereniging (1967)
Tegniese Redakteur Die Wapad (1966—67)
Redaksie Goue Kandelaar (1967)

* * *

11. B. J. (BEN) VAN JAARSVELD

1966 B.A. II



Bestuur Wysgerige Vereniging (1966)
Nuusredakteur Die Wapad (1967)
Ontspanningskomitee (1967)
Korps V.V.-studiekomitee (1967)
Wenner P.U.- en Interuniversitêre redenaarskompetisie (1967)

# Sestien Moet Gekies Word!

Besondere dank word betuig aan Fotokuns wat verskeie van die foto's voorsien het.

## APOLOGIE

Per abuis is 'n verkeerde foto geplaas op bl. 6, by die berig „Louis van Wijck word byna nuwe S.A.-kampioen".

## LENTE IN DIE LUG!



# 400 van oor hele Republiek woon Simposium by

**Meer as vierhonderd persone van oor die hele Republiek het die simposium oor internasionale politiek bygewoon wat verlede week aan die P.U. aangebied is. Tydens die simposium is verskeie referate gelewer, o.a. deur die minister van Buitelandse Sake, dr. H. Muller, die hoofredakteur van die Transvaler, dr. G. D. Scholtz en die hoofredakteur van die Vaderland, mnr. A. M. van Schoor.**

**Die simposium is georganiseer deur die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die P.U. Prof. C. P. van der Walt, hoof van die departement Staatsleer, het as voorsitter van die vergadering opgetree en ook 'n referaat gelewer.**

Onder die gaste was sen. M. P. A. Malan, waarnemende president van die Senaat. Vyf-en-twintig Volksraadslede het die simposium bygewoon, asook ses lede van die Provinsiale Raad.

**BURGEMEESTERS**

Daar was sewe burgemeesters van omliggende dorpe in Transvaal teenwoordig benewens 'n aantal professore van ander universiteite. Onder hulle was twee dosente in Staatsleer, nl. prof. M. H. Louw en dr. D. Worrall, albei van die Universiteit van Suid-Afrika.

Prof. D. J. Kotze van Stellenbosch, voorsitter van die Rapportryersbeweging in Suid-Afrika was ook aanwesig. Hy het 'n tjek van R2000 aan die rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle, oorhandig vir bevordering van die studie van internasionale politiek aan die P.U. Die Sentrum vir Internasionale Politiek ontvang finansiële steun van die Rapportryersbeweging.

Meer as 250 rapportryers van oor die hele land het die simposium bygewoon, onder meer van plekke soos Heidelberg-Kaap, Kaapstad en Upington.

**In 'n persverklaring het prof. Van der Walt bekend gemaak dat beoog word om die simposium 'n jaarlikse instelling te maak.**

## Universiteite moet Ooste bestudeer

Leerstoele vir Oosterse kulture en geskiedenis moet aan die Suid-Afrikaanse universiteite gestig word, het dr. G. D. Scholtz, hoofredakteur van die Transvaler, tydens die simposium oor internasionale politiek aan die P.U. gesê. Dr. Scholtz het 'n referaat gelewer oor die opkoms en betekenis van die Ooste.

Dr. Scholtz het in sy referaat daarop gewys dat Suid-Afrika geografies veel nader aan die Ooste as aan die Weste geleë is. Tussen die Republiek en die Ooste lê die kleinste van die drie oseane. Die Ooste kan vir die toekoms van die Republiek van lewensbelang wees. Daarom is dit tragies dat daar in Suid-Afrika so 'n groot onkunde aangaande die Ooste bestaan, het hy gesê.

## Portugal kan 'n struikelblok vir S.A. wees

Die Republiek se noodsaaklike nouer skakeling met Portugal, wat 'n heeltemal ander naturellebeleid volg as Suid-Afrika, kan 'n struikelblok vorm vir 'n meer realistiese waardering van die Republiek se nasionaliteitsbeleid deur die Weste. So het prof. J. H. Coetzee, van die departement Volkekunde aan die P.U. verklaar tydens die onlangs gehoue simposium oor internasionale politiek aan die P.U. Prof. Coetzee het gepraat oor Afrika in die wêreldpolitiek.

Die besondere samestelling van die bevolking van die Portugese gebiede, Suid-Afrika en Rhodesië eis 'n streng gesags- en ordehandhawing ten einde totale chaos te voorkom. Hierdeur is die gebiede geskaar aan die kant van die Weste, wat egter geforseer is om die guns van die Afrika-state te probeer verwerf in die hoop dat dit Westerse bondgenote kan word. Dit veroorsaak dat werklik betroubare bondgenote onderwyl soos vyande behandel word.

## Ons Lesers Skryf

# REGSTELLING GEEIS

**Geagte Redakteur, Dit het nodig geword om 'n tweede brief te skryf oor 'n saak wat nie net my nie, maar baie ander hinder. Op my vorige brief is blykbaar geen ag geslaan nie.**

Weereens is daar 'n hinderlike eensydigheid in sportberiggewing. Behalwe dat sommige sportspanne klokslag te na gekom word ten gunste van ander, word daar steeds foutiewe uitslae gegee.

**FYNSTE**

Ek dink in besonder daaraan dat Huis Rus en Over de Voor se rugbywedstryde altyd in die fynste besonderhede weergegee word, terwyl die rugbyspan van Kompleks-Dorp slegs vermelding verdien in algemene foutiewe sinne soos: „in die ander koshuiswedstryde het die Kovsies die sege behaal."

Ek eis dat die sportredakteur aandag gee aan die saak en dit in die volgende Wapad regstel.

FAANS STEYN.

**(U besware teen die sportberiggewing is heeltemal geregverdig. Ongelukkig het die sportredaksie in gebreke gebly om meer aandag aan wedstryde van Kompleks te gee. Daar word weer aandag aan die saak gegee. Aangesien redaksielede nie altyd by alle wedstryde teenwoordig kan wees nie, sal dit gewaardeer word indien persone van buite inligting verskaf aangaande sportgebeurtenisse wat moontlik nie die redaksie se aandag bereik het nie. Dit bly egter onmoontlik (en ook nie noodsaaklik nie) om altyd alle sportaktiwiteite weer te gee. — RED.)**

## Was onbehoorlik in hotel

Vier studente van Universiteit Rhodes het voor hul universiteit se dissiplinêre komitee verskyn op aanklag van onbehoorlike gedrag in 'n hotel in Grahamstad.

Een student is met R10 beboet en onder probasie geplaas nadat hy daaraan skuldig bevind is dat hy water oor die kroegman uitgegooi het!

# STUDENT WENS WAPAD GELUK

**Geagte Redakteur, Vergun my asseblief 'n bietjie ruimte in die laaste uitgawe van ons studentekoerant onder u redakteurskap. Graag wil ek u namens al die studente van harte gelukwens met u geslaagde proefneming om twintig uitgawes vanjaar die lig te laat sien. Dit was 'n puik gedagte wat seker allerweë verwelkom is.**

Ons besef natuurlik watter hoë eise dit aan u stel, en watter tyd u hieraan moes afstaan. Oor die algemeen was die berigte puik en verteenwoordigend. U verdien ook 'n besondere gelukwensing met die hoë standaard wat u in die hoofartikels gehandhaaf het.

**ADVERTENSIES**

Ook 'n woordjie van waardering teenoor die advertensiebestuurder; sy taak is beslis nie benydenswaardig nie (ek praat uit ondervinding). Hierdeur glo ek, is 'n groot bydrae gemaak om die drukkoste te dek, aangesien die bedrag begroot vir vanjaar nie juis hoër is as die van verlede jaar nie, toe daar slegs nege uitgawes was.

Baie dankie al die adverteerders!

**FLIEKS**

Hoewel ek nie juis baie gaan fliek nie, is ek nietemin baie dankbaar vir die fliekprogramme wat geplaas word. Dan kan 'n mens darem weet wanneer hier goeie prente draai. en wat 'n mens kan gaan kyk as jy lus voel vir fliek. Wie se taak was dit, die kunsredakteur of die advertensiebestuurder?

Graag wil ons die nuwe redaksie alles ten beste toewens en mag ons volgende jaar weer twintig uitgawes kry!

Baie dankie!

J. COETZEE.

## Beplanner word Matie-leier

Mnr. Wim Botha is die nuwe Studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Stellenbosch. Hy is nou in sy sewende jaar en M.A.-student in Beplanning. Mnr. Pieter van Huyssteen, Honns-B. Comm.-student, is gekies as ondervoorsitter. Die voorsitter en ondervoorsitter word deur die nuwe Studenteraad self aangewys.


FLIEKS!
POTCH.
INRYTEATER

VRY. 8 SAT. 9
Eerste Vertoning
KING RAT
Tweede Vertoning
THE GREAT SIOUX MASSACRE

MAAN. 11, DINS. 12, WOENS. 13, DOND. 14. om 7 nm.
Dit is met groot genoeë dat ons die rolprent waarna almal uitgesien het nou aanbied!!!
Emil Nofal se Kragtige. Menslike Drama . . .
WILD SEASON
WILDE SEISOEN
Eastmankleur — Wyedoek
met
GERT VAN DEN BERGH
MARIE DU TOIT
JOE STEWARDSON
JANIS REINHARDT
ANTHONY THOMAS
Dis grootse vermaak vir die hele gesin . . .
Kom vroeg om teleurstelling te voorkom.

GRAND TEATER

WOENS. 6, DON. 7, VRY. 8, SAT. 9 SEPTEMBER.
WHO'S AFRAID OF VIRGINIA WOOLF
ELIZABETH TAYLOR
RICHARD BURTON
(Persone 4 tot 21 nie toegelaat nie).
Spesiale middernagvertoning op Saterdag 9 September.

MAANDAG 11, DINSDAG 12 Sept.
THE BEDFORD INCIDENT
RICHARD WIDMARK

WOENS. 13, DINS. 14, VRY. 15, SAT. 16.
TOKKIE NEL
MARIUS MOSTERT
IN DIE LENTE VAN ONS LIEFDE



Ry in die WAPAD
met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS



van
PARK FIETSWINKEL
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
Onderdele — Herstelwerk






PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474




# KOMPLEKS-DORP DRAF SASOKPARK KAF

**Nadat Kompleks-Dorp voorverlede Saterdag vir Fochville I met 16—11 die loef afgesteek het, het hulle verlede Donderdagaand ook Sasokpark I met 15—6 die onderspit laat delf.**

Fochville I het vroeër vanjaar 'n telling van 23—8 teen Kompleks-Dorp opgebou. Kompleks-Dorp se vertonings verlede week dui daarop dat hulle beslis die sterkste koshuisspan is as hulle op volle sterkte is.

Hoewel Kompleks-Dorp in Sasokpark se kwartgebied geboer het in die eerste kwartier, neem Sasokpark tog die voortou met 'n strafskop.

**MOOI**

'n Mooi drie is hierna deur Frik Swart gedruk nadat hy sy eie steekskoppie opgevolg het. Schutte Venter se vervyfskop laat hulle voorloop 5—3.

'n Pragtige breekslag deur Dollie de la Port word hierna deur Faan Steyn met 'n drie afgerond. Schutte Venter vervyf en bring die rustydtelling op 10—3 te staan .

**TUIS**

Dollie de la Port, wat bewys het dat hy ewe tuis is op senter as op flank, hardloop van sy eie tientreelyn deur vir die laaste drie van Kompleks-Dorp. Schutte Venter se vervyfskop en 'n onvervyfde drie deur Sasokpark het die eindtelling op 15—6 in Kompleks-Dorp se guns te staan gebring.

**HARDE SPEL**

Harde spel deur „Bull" Kruger, Poen Coetzee en Flip Naudé, wat veral in die lynstane reusewerk verrig het, het die voorspelerstryd gekenmerk.

Tom Malan het stewig in die agterlyn vertoon, terwyl Schutte Venter die bal met rente teruggestuur het.

## Heimat seëvier in wedstryd

In 'n vriendskaplike rugbywedstryd op Dinsdag 29 Augustus het Heimat Haak-en-Steek 11—9 gewen. Die wedstryd is gekenmerk deur skoon spel.

In die lynstane het Heimat die oorhand gehad, grotendeels te danke aan Flip Naudé. Die netjiese agterlynbewegings van die Heimatters het hulle die oorwinning besorg.

Haak-en-Steek se voorry was stewig en het goed vertoon in die vaste skrums. Die heelagter Tonie Welman het goed vertoon met kantlynskoppe. Met die vervyfskoppe sou hy beter gevaar het as hy sy skopskoene aangehad het.

Die punte van Heimat het gekom van drie drieë en 'n vervyfskop, terwyl Haak-en-Steek se punte gekom het van twee drieë en 'n vervyfskop.

## Rooi studente moet weer klas toe

Kommunistiese China se 300, 000 universiteits- en kollegestudente wat meer as 'n jaar lank nie klasse bygewoon het nie, is nou beveel om hul studies voort te sit. Op 13 Junie 1966 is al China se skole ook beveel om vir 'n tydperk van ses maande te sluit „sodat 'n deeglike hervorming van die onderwys kan geskied".

Na die tydperk verstryk het, het die skole egter nog steeds onaktief gebly omdat die „Groot Kulturele Rewolusie van die Proletariaat" steeds uitgebrei het. Al China se skoliere en studente is as rekrute opgeneem in Mao Tse-Tung se Rooi Wag-beweging. Verlede Februarie het die skole weer heropen.

## Wysgeer reis na Kanada

Drs. Theo van der Merwe, verbonde aan die Dept. Wysbegeerte van die P.U., het onlangs na Montreal, Kanada, vertrek om daar die Vierde Internasionale Kongres aangaande die Middeleeuse Wysbegeerte by te woon.

Gesteun deur sowel die P.U. vir C.H.O. en die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing beoog drs. Van der Merwe om die Christelike Universiteit in Grand Rapids en die Instituut van Hendrik Hart te besoek. Op sy terugreis na Suid-Afrika sal hy 'n vlugtige besoek aan die Vrije Universiteit te Amsterdam, Nederland bring. Hy keer op 15 September terug.

Dr. Van der Merwe het vyf jaar aan die Vrije Universiteit gestudeer en vertrek volgende jaar soontoe om sy doktorsgraad in die Wysbegeerte te gaan haal.

# Louis van Wijck word byna nuwe S.A. Kampioen

**Louis van Wijck, bekende langafstandatleet van die P.U., het verlede Saterdag net-net nie daarin geslaag om die Suid-Afrikaanse landloopkampioen te word nie. Nadat hy deurentyd goed geplaas was het Des Torr van die Grens hom op die einde met 'n enkele sekonde geklop. Die afstand was oor ongeveer sewe myl.**

**George Müldner het 'n stewige wedloop gehad waarin hy sestiende plek behaal het. As die aantal atlete wat deelgeneem het in ag geneem word, dan is hierdie ongetwyfeld 'n goeie prestasie. Met mnr. Jan Barnard wat nou gereelde afrigter is van die P.U.-Atletiekklub, behoort atlete soos die oor 'n jaar deeglik van hulle te laat hoor.**

Gawie van Eck het in die juniorwedloop agtiende geëindig. In die wedloop het Fanie van



LOUIS VAN WYK (Foto: De Zee).

Zyl die pyp gerook, net 'n hanetreetjie voor Gerhard Dekkers van Polisie. Fanie van Zyl sal bes moontlik volgende jaar 'n Puk of 'n Poot wees. Tans is hy besig met 'n jaar onafgebroke militêre diensplig.

In die dameswedloop het Rosalie de Klerk weer vir haar gewone verrassing gesorg en toe vierde geëindig. As hierdie atleet eendag gaan besluit om haar intensief op een sportsoort toe te lê sal sy ongetwyfeld iets van haar besondere sportaanleg kan maak.

Na die wedloop is 'n Suid-Afrikaanse span gekies wat eersdaags teen Rhodesië sal meeding. Louis van Wijck en Dewald Steyn, 'n oud-Puk, het hierdie span gehaal.

C.J.S.

# BOETES VIR WANDADE SAL OPGELÊ WORD

**'n Minimum boete van R20 sal in die toekoms opgelê word vir dissiplinêre oortredings by die Universiteit Rhodes. Die stap volg op aanbevelings deur Rhodes se dissiplinêre kommissie. Die kommissie is aangestel deur Rhodes se studenteraad n.a.v. vele klagtes wat ontvang is oor vandalisme deur studente.**

Nog 'n aanbeveling was dat daar minder ingryping deur die owerhede moet wees ten behoewe van studente wat deur die polisie gearresteer is. Die R20 minimum boete sal ook studente opgelê word wat valse name en adresse gee aan amptenare van die universiteit. In die geval van beskadiging van eiendom sal die betrokke student ook self die skadevergoeding moet betaal.

**WANDADE**

Die kommissie het bevind dat oormatigee drankverbruik die hoofoorsaak vir studente se wandade is. Veral die tweedejaars aan die universiteit is bekend vir hulle drankpartytjies en neiging om „uit te breek".

## VORS NA OOR VAKANSIE

Navorsing word aan die universiteit van Leeds gedoen om vas te stel hoe studente die beste gebruik kan maak van hulle lang somervakansie in die helfte van die akademiese jaar.

Daar word aandag gegee aan die vraag of eerste- en tweedejaarstudente se eksamen nie verskuif moet word vanaf die kort periode voor die lang vakansie na 'n tydperk vroeër of later in die jaar nie. Dit sal 'n aansporing wees om die lang vakansie vir studie te benut, eerder as 'n tyd om te herstel van die uitputting van 'n eksamen. Dit sal ook die las wat op die universiteit rus om al die toetse binne 16 dae te laat plaasvind, verlig.

## Maties kry ook 'n sentrum

Net soos die Pukke, het die Maties nou ook vooruitsig op 'n studentesentrum. Dié sentrum word vir voltooiing in 1968 beplan en sal 'n beraamde R450,000 kos.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

*Met komplimente van*
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

**INSLEEP!**
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.

*„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."*
Turkstra
te kry by u kafeteria

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*
Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM